Waar vind ek die Heilige Gees?

(Die Gees in my lewe 2)

Wanneer ons die Bybel oopmaak dan lees ons reeds op die eerste bladsy oor die Heilige Gees. Die Gees van God het oor die waters gesweef. Die Heilige Gees is werksaam by die skepping. Op die laaste bladsy van die Bybel lees ons weer van die Heilige Gees. Daar hoor ons die Gees bid. Die Gees en die bruid bid: Kom, kom Here Jesus (Op. 22 : 17) . Tussen die eerste en laaste bladsy van die Bybel lees ons baie oor die aktiwiteit van die Heilige Gees.

Die Skepper van die lewe

In die Ou Testament word die Heilige Gees beskryf as die een wat alles tot lewe bring. Die Gees is die Skepper van die lewe. In die ou Christelike kerk het hulle gepraat van die Skepper-Gees, die Creator Spiritus. Die bome en blomme, die plante en struike, die diere en visse en ook die mens is deur die Heilige Gees tot lewe gebring.
Die Gees bring egter nie alleen tot lewe nie, in die Ou Testament lees ons ook, dat die Heilige Gees die lewe verfraai en versier en verryk. In die Ou Testament word die werk van die Heilige Gees verbind met die landbou, die argitektuur van die tempel, die regspraak en selfs met die politiek. Die twee manne wat die tabernakel met al sy pragtige kunswerke vervaardig het, Besaliël en Aholiab, was met die Heilige Gees toegerus. Hulle het die gawe van wysheid en kunssinnigheid ontvang.
In die Nuwe Testament kom dieselfde gedagte terug. Ook daar lees ons, dat die Heilige Gees tot lewe bring. Dooie sondaars word deur die Heilige Gees tot die ware lewe gebring. Hulle kom tot geloof in Jesus Christus. En so ontstaan die kerk as die liggaam van Christus waarin die Heilige Gees woon en werk. Maar tegelyk word die kerk versier met allerlei gawes van die Gees. Die gelowiges word toegerus met charismata, gawes van die Heilige Gees.

Die wêreld: produk van die Heilige Gees

Op ons vraag waar ons die Heilige Gees vind, kan in die eerste plek geantwoord word: ons vind die Heilige Gees in die skepping. Ons moet daarom leer om die wêreld rondom ons, die natuur, te sien as 'n pragtige produk van die Heilige Gees. Dis God se skepping. Die Heilige Gees het dit tot stand gebring. Ons mag daarom die natuur nie besoedel en bemors nie. Die geloof dat die skepping die produk van die Heilige Gees is, is 'n sterk stimulus tot natuurbewaring.
Dit is jammer dat die verhouding van die Gees van God en die skepping in die Christelike denke oor die algemeen verwaarloos is. Met uitsondering van Calvyn en A. Kuyper was daar geen belangstelling in die kerk vir die band wat daar is tussen die Gees en die geskape werklikheid rondom ons nie. Ons moet in die kerk meer oog kry vir wat wel genoem word die kosmiese aspek van die werk van die Heilige Gees. Daar moet egter wel in gedagte gehou word dat dit nie vir ons moontlik is om via die skepping met die Heilige Gees kontak te maak, met die Gees te kommunikeer nie. Dit vind ons in die heidense godsdienste. Daar word probeer om via die natuur met die godheid in aanraking te kom.

Jesus: Draer van die Heilige Gees

Waar vind ek dan die Heilige Gees? Die Bybel gee vir ons 'n helder antwoord. Op 'n besondere wyse vind ons die Heilige Gees in die lewe van die Here Jesus Christus. Volgens die Nuwe Testament is daar 'n innige band tussen die Here Jesus en die Heilige Gees. Jesus is deur die Heilige Gees verwek in die moederskoot van Maria. Jesus word gedurende sy hele lewe deur die

Heilige Gees gelei. Hy word met die Heilige Gees gedoop. Die evangelis Johannes vertel, dat God Hom sy Gees sonder enige beperking gegee het (Joh. 3 : 34). Jesus is die Draer van die Heilige Gees. Maar daar is ook nog 'n ander lyn in die verhouding van Jesus tot die Heilige Gees. Nie alleen is Jesus die Draer van die Gees nie, Hy is ook die Uitdeler van die Gees. Hy het die beskikking oor die Heilige Gees. Na sy sterwe en opstanding het Hy van die Vader die Gees ontvang om Hom uit to deel. En dit gebeur op Pinkster.

Die Heilige Gees en Pinkster

Op Pinkster breek die nuwe heilstyd aan, die tyd van die Heilige Gees. Die Gees wat op Pinkster kom is die Gees van die verhoogde Jesus Christus. As Gees van die verheerlikte Christus gaan Hy die wêreld in. Dit is veral die evangelis Lukas wat in sy tweede boek, die boek Handelinge wys op die groot offensief van die Heilige Gees om die wêreld te verower, om God se skepping weer terug te bring na God toe. Daarom lees ons in die boek Handelinge van Jerusalem, Judea, Samaria en die uithoeke van die wêreld (Hand. 1: 8) . Maar nou moet ons goed daarop let hoe die Heilige Gees die wêreld ingaan. Hy doen dit via die kerk en deur middel van die gelowiges. Die Heilige Gees het op Pinkster kom woon op die aarde. Hy het God se Koninkryk hier kom vestig. En hoe doen Hy dit? Hy doen dit deur in die harte van die gelowiges te kom woon en hulle by mekaar te bring as kerk. Dit is die wonder van Pinkster. Die Heilige Gees woon in die kerk soos in 'n tempel. En elke gelowige is ook 'n tempel van die Heilige Gees. Dus waar moet ek vandag die Heilige Gees soek? In die kerk en in die hart van elke gelowige kind van God.

Die Heilige Gees en die Bybel

Op die vraag: waar vind ek die Heilige Gees? het ons nou 'n duidelike drievoudige antwoord gekry. Die Gees is werksaam in die skepping, die Gees is aanwesig in die kerk en die Gees woon in die hart van elke gelowige. Wanneer ek dus in die Here Jesus Christus glo dan is die Heilige Gees by my. Dit is 'n geweldige gedagte. Dink u dit in: God, God die Heilige Gees wat in my woon, wat saam met my gaan, wat my lei en bewaar en my, my finale bestemming laat bereik.
Maar ek moet u tegelyk waarsku. Ons moet tog nie dink, dat ons nou maar direk met die Heilige Gees kan skakel nie. Hy is 'n Persoon. Hy praat met ons. Hy gee ons sy bevele, ons ontvang van Hom allerlei aanwysers hoe om op te tree in hierdie wêreld. Maar Hy doen dit nie direk nie. Daar was mense en daar is nog mense wat so dink. Hulle soek die stilte en dan luister hulle na die influistering van die Heilige Gees. Dit is baie gevaarlik en ook misleidend. Jy dink, dat die Heilige Gees met jou gepraat het en eintlik was dit niks anders as jou eie gedagtes en idees nie. Dan dink jy die Gees het jou op 'n bepaalde pad gelei en op die ou end was dit net jou eie gedagtes wat jou gelei het.
Die inwonende Gees praat met ons en Hy lei en bestuur ons lewe en Hy wys vir ons die pad wat ons moet gaan, maar Hy doen dit op 'n bepaalde manier, naamlik deur middel van die Bybel. Die Bybel is mos sy boek. Kyk maar op Pinkster. Daar kom die Heilige Gees. Hy kom skielik uit die hemel soos 'n geluid van 'n geweldige stormwind en Hy kom soos 'n vuur. Maar wat hoor ons dan? Daar word gepreek. Petrus maak die Bybel oop en hy verkondig die Woord van God. Kan ek met die Heilige Gees kommunikeer? Die antwoord is 'n ondubbelsinnige ja. Maar dan net op twee maniere, naamlik deur middel van die Bybel en deur middel van die gebed.

L Floor

© by skrywer - 2009
www.christelikebiblioteek.co.za